Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 3/2018 **2 Februarie 2018**

Geagte Ouers

1. **Oueraande**
Baie dankie aan al die ouers en voogde wat die oueraande bygewoon het. Ons sien daarna uit om die jaar 'n pad saam met elkeen van u te stap.

2. **Inter Atletiek**
Die Interskole Atletiekbyeenkoms vind plaas op Woensdag, 7 Februarie 2018 by Laerskool Jongspan.

Leerders wat nie in die atletiekspan is nie, moet op Woensdag 7 Februarie tuis bly, aangesien die personeel by die byeenkoms moet wees. Die skool sal dus gesluit wees op 7 Februarie. Toestemming is reeds by die Departement van Onderwys ontvang.

Indien u probleme ondervind met toesig vir u kind op 7 Februarie, moet u teen Maandag 5 Februarie 'n brief aan u kind se voogonderwyser stuur, sodat daar toesig vir u kind gereël kan word.

3. **Atletiek – Vriendskaplike byeenkomste**
Baie geluk aan al die atlete met hul mooi prestasies by die 3 vriendskaplike byeenkomste. Julle het ons skool se naam hoog gehou en ons is trots op elkeen van julle.

Dankie aan al die ouers wat ook ons leerders kom ondersteun het.

4. **Foto's**
Foto's sal op Dinsdag 6 Februarie 2018 van al die leerders geneem word. Dit staan u vry om 'n foto van u kind te bestel. Pakkette wissel vanaf R100 tot R220 afhangend van die aantal en grootte foto's wat u bestel.

U sal nadat die foto's ontwikkel is, 'n koevert ontvang waarop u, u persoonlike bestelling kan plaas. Betaling vir die foto's word ook in die koevert geplaas en aan die skool gestuur.

Al die leerders word op hierdie dag afgeneem vir die klasfoto en die skool-groepfoto. Sorg asseblief dat u kind netjies lyk en die korrekte skooldrag aanhet. Leerders wat kleurbaadjies het, moet dit asseblief op hierdie dag aantrek.

Indien u as ouer 'n beswaar het en nie wil hê dat u kind op die klasfoto verskyn nie, moet u, u kind se Voogonderwyser skriftelik daarvan in kennis stel.

5. **Daggie Klerewinkel**
Baie dankie vir u ondersteuning by ons Daggie-Klerewinkel. Vergewis u asseblief dat die winkel slegs op **Dinsdae** oop is vanaf **13:30 tot 17:30.**
Kaartfasiliteite is beskikbaar.

admin@dagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek se skoolsweetpak mag nie meer as Wintersdrag skool toe gedra word nie. Daar is egter 'n behoefte aan 'n sweetpak vir sportbyeenkomste. Ons sal binne die volgende 4 tot 6 weke 'n sweetpakbroek beskikbaar hê, wat saam met die Dagbreek Dri-mac gedra kan word vir Sportbyeenkomste.

6. Waterprojek

Ons is werklik verras en besonder dankbaar vir u oop harte met die Waterprojek. Ons versoek u egter dat u asseblief vol bottels skool toe sal stuur.

7. Belangrike datums vir Februarie 2018

Donderdag	1 Februarie	Atletiek by Laerskool Fochville
Saterdag	3 Februarie	Me. E. van der Westhuizen verjaar
Dinsdag	6 Februarie	Skoolfoto's Netbaloeraand 18:00
Woensdag	7 Februarie	Interatletiek by Laerskool Jongspan
Donderdag	8 Februarie	Welpie-Rugby oueraand 18:00
Maandag	12 Februarie	Rugby Oueraand 18:00
Donderdag	15 Februarie	Merafong Atletiek
Vrydag	16 Februarie	Me. Esjoné Groenewald verjaar
Saterdag	17 Februarie	Me. Sarafina Kamele verjaar
Dinsdag	20 Februarie	D2 Atletiek Krugersdorp
Donderdag	22 Februarie	Rugby oefening by Hekpoort

8. Gedagte van die week

"Leef só dat jou kind maar in jou spoor kan loop" – Anoniem

Vriendelike groete

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof